# VERSLAG OOR DIE JAARKONGRES VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (Transvaalse Afdeling), gehou te Vereeniging, 6 en 7 Oktober 1961

deur

Dr. F. J. du T. Spies

Die kongres is op 'n voortreflike wyse georganiseer deur die Vereenigingse tak van die Historiese Genootskap.

Tydens die opening op Vrydagaand 6 Oktober was daar so 'n oorweldigende belangstelling dat die stadsaal nie al die mense kon bevat nie. Die opening is waargeneem deur sy edele, adv. B. J. Vorster, minister van Justisie, en Onderwys, Kuns en Wetenskap. Die minister het die genootskap gelukgewens met sy eerste kongres in die nuwe era van die Republiek van Suid-Afrika. Hy het vervolgens uitgewy oor die betekenis van die republiekwording. Die Voorsienigheid het beskik dat die Republiek nie deur geweld en bloedvergieting verkry is nie. Daar was in die verlede pogings in die rigting, maar dit het misluk omdat dit nie Sy wil was nie Die Republiek is ook nie verkry deur 'n blote meerderheidsbesluit in die parlement nie — hoewel dit heeltemal wettig sou gewees het. Dit is egter verkry deur die stem van die volk. Daarom word dit vandag algemeen aanvaar en daarom hou dit groot belofte vir die toekoms in.

Die bestuur van die Historiese Genootskap het by die geleentheid 'n ingebonde stel van die vorige vyf jaargange van *Historia,* asook 'n ingebonde stel van al die *Historia Juniors* wat tot dusver verskyn het, aan die minister ten geskenke oorhandig.

Verskillende verwelkomingsboodskappe is tot die kongresgangers gerig: deur dr. J. J. van Tonder, voorsitter van die Historiese Genootskap; deur raadslid H. J. Engelbrecht, burgemeester van Vereeniging; mnr. J. H. Dippenaar, voorsitter van die reëlingskomitee en deur mnr. H. W. Kruger, voorsitter van die Vereeniging-gedenktekenkomitee. Boodskappe is ook voorgelees: van die Staatspresident, hoofbeskermheer van die Genootskap (sy boodskap word elders in hierdie uitgawe afgedruk); van die voorsitter van die Afrikaanse Kunsvereniging van Vereeniging, mnr. P. J. Meyer: „Mag u samespreking vrugbaar en baie geseënd wees en as rigsnoer dien op die Pad van Suid-Afrika"; en van die voorsitter van die Geloftefeeskomitee van Vereeniging: „Dit is vir my aangenaam om u Genootskap . . . baie hartlik geluk te wens met hierdie geskiedkundige kongres wat gehou word op hierdie geskiedkundige plek Vereeniging in die geskiedkundige jaar — die jaar van die republiekwording."

Verskeie persone het gewag gemaak van die gelukkige omstandigheid dat die kongres naasteby saamval met die onthulling van die Vrede-van-Vereeniging-gedenkteken wat op 10 Oktober daarop volgende sou plaasvind.

In aansluiting hierby is aan senator P. A. Stoffberg die geleentheid gegee om iets in verband met die vredesbyeenkoms van Vereeniging mee te deel. Hy is die seun van wyle senator F. C. Stoffberg wat as afgevaardigde van die Zoutpansbergse kommando aan die beraadslaging by Vereeniging in Mei 1902 deelgeneem het en het dikwels die smartlike verhaal uit die mond van sy vader verneem. „Aan weerskante van die groot vergadertente van die Z.A.R. en die O.V.S. was die rye ronde tente van die afgevaardigdes." Daar is getuienis van hoop en wanhoop aangehoor en vandaar is afgevaardigdes na Pretoria gestuur om met die Britte te onderhandel — tot dit gaandeweg duidelik geword het dat die onafhanklikheid prys gegee moes word. „Saterdag 31 Mei 1902 — die vlakte was oordek met 'n wit laag ryp — maar almal was vroeg op. Abraham het ook vroeg opgestaan toe hy Izak moes gaan offer." Soos ander sprekers het senator Stoffberg ook sy toespraak in verband met die jaar van republiekwording gebring. „Die Liewe Heer het telkens leiers gegee en die arbeid van die volk geseën tot hy so sterk was dat hy op 5 Oktober 1960 sy volkome onafhanklikheid terug gewin het."

Gedurende die aand, sowel as die volgende oggend, is die verrigtinge opgeluister deur gepaste items van voordrag- of musikale aard.

Saterdagoggend, 7 Oktober, is die kongres in die saal van die Vereenigingse Hoërskool voortgesit. Eers is 'n algemene vergadering van die Transvaalse afdeling van die Historiese genootskap gehou, by welke geleentheid die nuwe bestuur gekies is. Dit bestaan uit die volgende:


Dr. J. J. van Tonder (voors.), dr. J. S. du Plessis (onder-voors.), dr. P. Venter (sekr.), mev. M. Venter en mnr. R. Maree (hulp-sekretarisse), mnr. J. H. Dippenaar (penningm.), dr. S. J. de Roos, dr. T. A. du Plessis en dr. F. J. du T. Spies.

Daarna is daar eers 'n referaat gelewer deur mnr. A. J. Koen oor „Enkele gedagtes oor die onderwys van Geskiedenis" en toe deur dr. J. S. du Plessis oor „Die betekenis van die Vrede van Vereeniging". Beide hierdie referate sal in die volgende aflewering van *Historia* opgeneem word.

Die kongres is hierop met 'n gesellige byeenkoms en die gebruiklike bedankings afgesluit.

## MEDEDELING

Na die dood van mnr. Frederick Oudschans Dentz is dr. J. Ploeger in sy plek benoem as verteenwoordiger vir Suid-Afrika van die „Maatschappij der Nederlandse Letterkunde". Dr. Ploeger se huisadres is: Crotsstraat 946, Rietfontein, Pretoria, en sy telefoonnommer 702664.



# STAAL VIR VOORUITGANG!

Staal is die fondament waarop ekonomiese vooruitgang in elke moderne land gebou word. In Suid-Afrika word meer as driekwart van alle staalbenodigdhede deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), gelewer.

Van 'n aanvanklike produksievermoë van slegs 180,000 gietblokton staal in 1934, het YSKOR ontwikkel tot 'n sleutelbedryf wat tans teen 'n peil van sowat 2,000,000 gietblokton per jaar produseer. Huidige uitbreidings sal die Korporasie se produksie weldra verhoog tot 2,350,000 gietblokton per jaar . . . en nog gaan die groeiproses voort! 'n Nuwe uitbreidingsprogram wat oor twaalf jaar sal strek, tussen R540 miljoen en R560 miljoen sal kos en die jaarlikse produksievermoë tot tussen 4,350,000 en 4,500,000 gietblokton sal vermeerder, is reeds aangekondig.

So lewer YSKOR 'n belangrike bydrae tot die land se ekonomie. Sy staalproduksie bespaar waardevolle buitelandse betaalmiddele vir Suid-Afrika en voorsien plaaslike verbruikers van 'n allernoodsaaklikste materiaal teen pryse wat heelwat laer is as dié van ingevoerde staal.

## SUID - AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

**POSBUS 450** **PRETORIA**

# *Uit ons Geskiedenis is 'n Nasie gebore!*

Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,
hy dien

## DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Diens in die Poskantoor as pos-en-telegraafassistent of tegnikus, is diens aan u land.

**U word verseker van:**

- ★ 'N GOEIE SALARIS
- ★ RUIM VERLOFVOORREGTE
- ★ 'N GOEIE OPLEIDING
- ★ 'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING
- ★ SPOORWEGKONSESSIES
- ★ 'N MEDIESE SKEMA
- ★ 'N BEHUISINGSLENING

**U plaaslike Posmeester sal nadere besonderhede verstrek.**